NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

25 Augustus 2021: Nr 29/2021

Warmnuus

Samesmelting van ringe

Die *Ring van Valhalla* en die *Ring van Sesmylspruit* het op *23 Augustus* saamgesmelt en bestaan nou uit die volgende gemeentes: Eldoraigne, Kerk-in-Suid, Raslouw, Rooihuiskraal, Sesmylspruit, The Reeds, Valhalla en Wierdapark.
Die Noordelike Sinode het na hierdie samesmelting 16 ringe.

Lentekonferensie: Het jy al ingeskryf?

Datum: *14-16 September*
Die ses *namiddagwegbreeksessies* is bekendgemaak. Kliek hier om die sprekers te ontmoet.
Besoek die webblad vir die volledige brosjure én die skakel om aanlyn in te skryf. Hier verskyn die hoofsprekers.
* Vir enige navrae kontak Rika by excelsus@up.ac.za.

Sinodenuus

Tekslees met 'n verskil



Datum: *31 Augustus*
Skriflesing: Jakobus 2:1-17
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae**. Zoom uitnodiging**: Join Zoom Meeting [Kliek hier];
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**: 453371.

Kollega- en ander personeelnuus

Innige simpatie

Freddie de Lange [proponent] is op *25 Augustus* in die ouderdom van 27 jaar in die hospitaal op Rustenburg aan Covid-19 oorlede.

Pieter Viljoen [Doornpoort] en pa van *Cornél* [Ellisras-Wes], asook broer van *Christo* [Quaggapoort,] is op *25 Augustus* in die ouderdom van 66 jaar aan 'n hartaanval oorlede.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

29/08 Koos Serfontein [Emeritus]
Hennie Gouws [Emeritus]
01/09 Hennie Kotze [Rustenburg-Moeder]
02/09 Anton Pienaar [Suidoos-Pretoria]
Danie van Zyl [Emeritus]
Hennie Yzelle [Emeritus]
03/09 Kobus Small [Emeritus]
Leonie Johnson [Haakdoorn]
Philip Bergh [Emeritus]
04/09 Edward Botha [Emeritus]

****

29/08 Magda Pretorius [Eggenote van Jan Pretorius, Louis Trichardt]
30/08 Marieta Hurn [Eggenote van Ryno Hurn, Valhalla]
31/08 Jacqueline Odendaal [Eggenote van Riaan Odendaal, Waterberg]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Mootvallei 01/09/2011

❖ Universiteitsoord: Skarrejag

Datum: *28 Augustus*
Universiteitsoord is opgewonde oor vanjaar se tweede Skarrejag! Die skattejag-resies gebeur in die omgewing van die kerk waar elke span per motor 'n aantal bakens (pit stops) moet besoek, vrae beantwoord of eenvoudige aktiwiteite moet voltooi.
* Kliek hier vir meer inligting!

❖ Villieria

Woonstelle te huur in *RB Murrayhof* (h/v Ben Swart straat & 24ste Laan Villieria).
* Bachelors - 2.5 slk woonstelle in skoon netjiese omgewing.
* Kontak NG Villieria se kerkkantoor 012 331 6571 vir meer inligting.

Excelsus

❖ Kursusse / werkwinkels

SASNES, LXXSA AND OTSSA Annual Meetings

Hosted by Faculty of Theology and Religion, University of the Free State
Date: *30 August - 3 September*
Virtual Programme and Abstracts Registration is open. [Kliek hier vir die program]
There is no conference fee this year Registration link: https://events.ufs.ac.za/e/meetingregistrations

Spirituele Begeleiding

Aangebied oor 2 jaar in Engels deur die Sentrum van Spiritualiteit, Pretoria.



[Kliek hier om verder te lees]
"Since its inception in 2006, the course falls under the Centre for Spirituality of the Circuit of Southeast Pretoria of the Dutch Reformed Church, but also joins Excelsus, the Centre for Further Development of Ministry at the University of Pretoria.
* Ministers can earn ***150 CPD points*** for completing the full course.
* We encourage participants who are older than 34 years of age.
* **Applications close** Monday *13 September 2021*.

❖ VBO-Forum

Inleiding tot die Verwelkomingspraktyk - 'n Beliggaamde binnetog na dieper dissipelskap

Aangebied deur die VBO-Forum en Sinode Oos-Kaapland
Fasilitering: Wilhelm Verwoerd en NG Kerk kollegas

Datum: *2 September tot 14 Oktober 2021*
Tema: *"Welkom, Helende Gees van God, in elke onwelkome ervaring!"*
Ons word van dag tot dag, toenemend, met 'n oorvloed van onwelkome ervarings gekonfronteer. Hierdie ervarings – soos die Covid 19 pandemie – roep uiters ongemaklike gevoelens van angstigheid, onsekerheid, oorweldiging by meeste van ons op. Hoe hanteer ons hierdie ontstellende, uitputtende emosies, sonder onderdrukking, of ontvlugting in ons koppe? Hoe kan ons die uiters onwelkome ervarings van ons tye dieper deel maak van ons dissipelskap?
Die gereelde beoefening van die Verwelkomingsgebed bied broodnodige ondersteuning.

Meer inligting: https://ngkok.co.za/vbo/vp/vp-brosjure.pdf

Inskrywingsvorm: https://forms.gle/Rh66eaXj8hHSRJqZ8

Ander nuus

❖ Die morele hernuwing van die Suid-Afrikaanse samelewing na 'n Dekade van Staatskaping: Aangebied deur die Gereformeerde Teologiese Werksgemeenskap (GTW)

Datum: *27 & 28 September*
Vir meer inligting: Kliek op die webblad: https://rts2021.wordpress.com/ - Die GTW is 'n vereniging wat vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en wat ook betrokke is by die vaktydskrif *In die Skriflig / In Luce Verbi* en is 'n vereniging sonder enige winsmotief.
Navrae: Pieter Kurpershoek (VDM) [083-641-6466 / pwk@axxess.co.za].

❖ Kerkbode

Nuutste uitgawe: Kliek hier om die aanlyn-uitgawe te lees.

Vakatures

❖ Krokodilrivier: Vakature – Voltydse leraar

Gemeente profiel: Die gemeente is 'n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense. Die dorp bestaan uit 'n mengsel van industriële, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole. Die gemeente bestaan uit 1073 belydende- en 230 dooplidmate. [Kliek hier vir die volledige advertensie]
* **Aansoeke** sluit om 13:00 op *30 September* 2021.

❖ Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

❖ **Rustenburg Rusoord**: **Vakature – Bestuurder**

Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om 'n tuiste vir ouer persone (self-sorg en verswakte bejaardes) en aftree behuisingskema te bestuur. Die tuiste funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde kerklike organisasie en die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.

* **Diensaanvaarding**: Vanaf *1 Januarie 2022*.

* **Aansoeke**: Aansoeke op voorgeskrewe vorm word ingewag tot en met *22 September.* Aansoekvorm en ander inligting kan verkry word by Rusoord.exec.pa@telkomsa.net

Naskrif